

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 13
23 APRIL 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers

Aan die einde van hierdie unieke eerste kwartaal is dit vir my weereens 'n voorreg om u as ouers hartlik te bedank vir u ondersteuning, insette en positiewe gesindheid. Ek is baie trots op elke leerling wat nie net hulle beste op akademiese gebied gelewer het nie, maar ook almal wat Laerskool Newtonpark se waardesisteem elke dag uitgeleef het.

PERSONEEL
Baie dankie aan al ons onderwysers wat die kwartaal uitstekende werk gelewer het. Die skool beskik voorwaar oor 'n uitstekende span wat altyd hul beste lewer. Ek is baie trots op elkeen. Ons groet Me. Du Preez en wens haar sterkte toe met haar permanente aanstelling in Joubertina.

Alle eer aan ons Hemelse Vader wat Laerskool Newtonpark onder sy beskermende vleuel hou!

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Kaelyn van Antwerp in graad 5V en haar familie met die heengaan van haar ouma gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

RAPPORTE EN OUERBESOEKE
Slegs die graad 7-leerlinge ontvang vandag hul rapporte. Baie geluk aan die wat mooi presteer het. Die wat nie so goed gevaar het nie, sal volgende kwartaal harder moet werk. Teken asseblief die rapport en stuur dit dan aan die skool die eerste dag van volgende kwartaal terug.

Die res van die skool se rapporte sal op 6 en 7 Mei 2021 aan die ouers gestuur word.

Die ouerbesoek gaan volgende kwartaal later met u gereël word.

SKOOLDRAG
Leerlinge trek nog steeds somersdrag aan, maar wanneer dit koud is kan hulle wintersdrag (korrek) aantrek. Ons sal mettertyd vir die kinders ‘n spesifieke datum gee wanneer wintersdrag verpligtend sal wees. Onthou asseblief dat sweetpak- en reënbaadjies nie deel van wintersdrag is nie.

MEIMAAND SE ROOSTER VIR GRAAD 4 TOT 6
Die tabelle hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom en watter dag se rooster ingepak moet word. Slegs grade 4 tot 6 volg die spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal ‘n normale skooldagrooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn in D6, onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabelle om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

GROEP A

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/05/03	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/05/05	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/05/07	Vrydag	Volg Vrydag se rooster
2021/05/11	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/05/13	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/05/17	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/05/19	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/05/21	Vrydag	Volg Vrydag se rooster
2021/05/25	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/05/27	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/05/31	Maandag	Volg Maandag se rooster

GROEP B

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/05/04	Dinsdag	Volg Maandag se rooster
2021/05/06	Donderdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/05/10	Maandag	Volg Woensdag se rooster
2021/05/12	Woensdag	Volg Donderdag se rooster
2021/05/14	Vrydag	Volg Vrydag se rooster
2021/05/18	Dinsdag	Volg Maandag se rooster
2021/05/20	Donderdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/05/24	Maandag	Volg Woensdag se rooster
2021/05/26	Woensdag	Volg Donderdag se rooster
2021/05/28	Vrydag	Volg Vrydag se rooster

SPENSIE-PENSIE GESKENKMANDJIE
Eerstens wil ons weereens elke ouer opreg bedank vir u fantastiese ondersteuning van hierdie fondsinsameling – dit was ‘n enorme sukses. U het nie net een GROOT prys moontlik gemaak nie, maar daar is genoeg items ingesamel om ‘n tweede trekking ***per graad*** te kon doen en om ‘n paar behoeftige gesinne te ondersteun!

Ons pryswenners van die geskenkmandjies was as volg:

Graad R – 1ste prys: Christiaan Botha
Graad 1 – 1ste prys: Maryna Prinsloo
Graad 2 – 1ste prys: Ryan Erasmus
Graad 3 – 1ste prys: Elisna van Niekerk

Graad R – 2de prys: Denton Wilmot
Graad 1 – 2de prys: Denise Bester
Graad 2 – 2de prys: Anthonie du Toit
Graad 3 – 2de prys: Justine Minnie

Graad 4 – 1ste prys: Lizet Rossouw
Graad 5 – 1ste prys: Andrew Zeelie
Graad 6 – 1ste prys: Liesl-Ann Smit
Graad 7 – 1ste prys: Anna-Marie Von Loggerenberg

Graad 4 – 2de prys: Muchelle Loots
Graad 5 – 2de prys: Natasha Steyn
Graad 6 – 2de prys: Liam Heckroodt
Graad 7 – 2de prys: S. Visser

*Wenners vir meeste items geskenk per graad:
Graad 2 : 308 – Wenners van die Junior Fase
Graad 5 : 293 – Wenners van die Senior Fase

*Wenners vir die meeste lootjie-verkope:

Junior Fase

1ste plek : Evanthia Camarinos – graad 3B (102 kaartjies)
2de plek : Carli Bouwer – graad R3 (100 kaartjies)
Tyler Thompson – graad 1D (100 kaartjies)

Senior Fase

1ste plek : Bella-Yia Camarinos – graad 5Z (83 kaartjies)
2de plek : Simoné Vermeulen – graad 7D (54 kaartjies)

Hartlik geluk aan elke wenner!

VAKANSIENASORG: APRIL 2021

Baie dankie aan ons nasorgdames wat hierdie diens aan ons ouers lewer. Inskrywings daarvoor het gesluit en geen verdere leerlinge kan geakommodeer word nie, want die toesigrooster is volgens die aantal leerlinge wat dit bywoon uitgewerk.

SPORT

Baie dankie aan al die ouers vir die terugvoering. Indien u nie die vrae op die skakel beantwoord het nie, neem ons aan dat u kind nie volgende kwartaal aan sport gaan deelneem nie.

Daar sal geen sport die eerste week wees nie, want die beheerliggaam gaan die terugvoer eers bespreek om te besluit wat die pad vorentoe sal wees.

KARRI-TOEPASSING

Van volgende kwartaal af sal ons van die toepassing vir alle kontant betalings soos snoepie-aankope gebruik maak. Lees asseblief weer die inligtingsbladsye op D6 en sorg dat u die toepassing op u selfoon aflaai.

TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)

Dit is alweer tyd dat ouers moet aansoek doen vir toelating tot die skool vir 2022. Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of graad 1 in 2022 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) U mag ook die skoolfonds EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 31 Mei 2021 betaal word, kan u vir ‘n 5% korting kwalifiseer.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ek het nagedink oor wat ek gesien het. Ek het iets daaruit geleer.
Spreuke 24:32

Aanmoediging is soos suurstof vir die siel.
George M. Adams

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR <u>DIE EERSTE WEEK VAN DIE TWEEDE</u> KWARTAAL:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 3 Mei	:	Klerewinkel **07:30-12:00** **Skoolbywoning : Groep A (Maandag rooster)** Radikale Redenaars : Inskrywings
Di – 4 Mei	:	**Skoolbywoning : Groep B (Maandag rooster)**
Woe – 5 Mei	:	**Skoolbywoning : Groep A (Dinsdag rooster)** Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 6 Mei	:	**Skoolbywoning : Groep B (Dinsdag rooster)** Uitdeel van rapporte : **Graad R – 6 (Groep B)**
Vr – 7 Mei	:	Klerewinkel **07:30-12:00** **Skoolbywoning : Groep A (Volg Vrydag rooster)** Uitdeel van rapporte : **Graad R – 6 (Groep A)**

SPORT & KULTUUR

IBHAYI RITMIESE GIMNASTIEKKLUB KOMPETISIE : 17 APRIL 2021
Die Ibhayi Ritmiese Gimnastiekklub kompetisie is op Saterdag, 17 April gehou en die volgende leerlinge het uitstekend presteer. Hul uitslae is as volg:

<u>O/12 Vlak 1:</u>
Ashley Mildenhall (Graad 5V) :
1ste – Tou-dans
Algehele 1ste plek – Goue medalje

<u>O/10 Vlak 4:</u>
Nina Rossouw (Graad 4S) :
1ste – “Free dance”
1ste – Tou-dans
Algehele 1ste plek – Goue medalje

Baie geluk met julle prestasies!